*Jou stem. Jou gemeenskap. Jou krag.*

PLAASLIKE REGERING-PAMFLETREEKS

# Jeugdeelname aan Plaaslike Regering



MY MUNICIPALITY compact PARTICIPATE PLAN ACCOUNT

Hierdie pamflet verskaf inligting oor plaaslike regering in Suid-Afrika.

Munisipaliteite is baie belangrik en verskaf die dienste wat ons help om waardig en gesond te leef.

# Bemagtig die volgende generasie vir inklusiewe munisipale beplanning

Hierdie pamflet is ontwerp om jongmense te bemagtig om aktief deel te neem om hul gemeenskappe te vorm, munisipale beplanning te beïnvloed en hul regmatige plek in plaaslike regering in Suid-Afrika op te eis.

## HET JY GEWEET? (FLITSFEITE)

**’n Definisie vir Jeug:** Suid-Afrika se amptelike definisie van jeugdiges is individue tussen 18 en 35 jaar oud.

**Jeugkrag:** Ongeveer een derde van Suid-Afrika se bevolking is 18 tot 35 jaar oud. Dis ’n belangrike krag wat ons toekoms kan vorm.

**Jeugdeelname aan verkiesings:** Slegs 20% van die geregistreerde jeug het in die plaaslike verkiesing van 2021 gestem. Minder as 30% van die jeug het tydens die provinsiale en nasionale verkiesings van 2024 gaan stem. Ons demokrasie behoef dat meer jongmense hul deel speel.

**Jeugverteenwoordiging in die Parlement van Suid-Afrika:** Slegs 3% van parlementslede (LP’s) is tussen 20 en 29 jaar oud. 16,8% is tussen 30 en 39 jaar oud. Dit wys dat al is daar baie jongmense, word hulle ongenoeg by besluitneming insluit.

**Vergelyking met die res van die wêreld:** Slegs 2,8% van parlementslede wêreldwyd is 30 jaar of jonger, terwyl meer as 50% van die wêreldbevolking jonger as 30 is. Lande soos Noorweë (13,6%), Armenië (13,1%) en Duitsland (8,8%) toon sterker jeuginsluiting.

*“ONS MOET NA DIE JEUG OMSIEN. HULLE IDEES MAAK SAAK.”*

– Gemeenskapslid

# Jeugdeelname: Ondersteun deur die Wet

Verskeie wette en beleide in Suid-Afrika moedig jeugbetrokkenheid aan, veral in plaaslike regering. Dit beteken dat jy die reg het om jou stem te laat hoor, idees te deel en te help om keuses te maak wat jou dorp of stad raak!

**Die Grondwet van Suid-Afrika (1996):** Waarborg dat die jeug die reg het om aan regeringsbesluite deel te neem. Dit bevorder regverdigheid, insluiting en aktiewe burgerskap.

**Die Witskrif oor Plaaslike Regering (1998):** Moedig plaaslike regerings aan om met gemeenskappe, insluitend jongmense, saam te werk om dienslewering en ontwikkeling te verbeter.

**Die Wet op Munisipale Stelsels (2000):** Vereis dat munisipaliteite die jeug by beplanning en besluitneming betrek, veral deur die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP).

**Die Wet op Munisipale Strukture (1998) & Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (2003):** Stel die reëls vas vir hoe munisipaliteite se geldsake funksioneer en bestuur word, en skep ruimte vir die jeug om aan plaaslike ontwikkeling deel te neem.

**Die Wet op die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) (2008):** Het die NYDA gestig om jeugontwikkelingspogings te bestuur en te verseker dat jongmense by nasionale en plaaslike programme ingesluit word.

**Munisipale Riglyne vir die Jeug (2004):** Moedig munisipaliteite aan om jeugeenhede en jeugrade daar te stel om jeugbetrokkenheid by beplanning en besluitneming te ondersteun.

**Die Nasionale Jeugbeleid (2020–2030):** 'n Padkaart om die jeug te bemagtig deur middel van onderwys, indiensneming, gesondheid en burgerlike betrokkenheid. Dit bevorder inklusiewe en responsiewe jeugontwikkeling.

**Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP 2030):** Het ten doel om armoede uit te skakel en ongelykheid teen 2030 te verminder. Dit beklemtoon jeugdeelname as die sleutel tot die bou van 'n beter Suid-Afrika.

**Die Nasionale Jeugdiensraamwerk:** Bevorder jeugbetrokkenheid by gemeenskapsdiens en plaaslike ontwikkelingsprojekte.

**Die Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015):** Verseker dat jongmense met gestremdhede by alle aspekte van die lewe, insluitend plaaslike regering, ingesluit word.

**Die Wet op Gelyke Indiensneming:** Ondersteun billike behandeling en gelyke geleenthede vir almal, insluitend die jeug, in die werkplek.

***"EEN MAATREËL VAN 'N PROGRESSIEWE STAAT IS DIE MANIER WAT DIT SY JEUG BEHANDEL."***

– Dr. Essop Pahad,
Nasionale Jeugontwikkelingsbeleidsraamwerk (2002-2007)

# Waarom jeugdeelname saak maak

Besluite wat deur munisipaliteite geneem word, raak die jeug direk: dienste, werk, veiligheid, ontspanning en meer.

**Die jeug bring vars idees en perspektiewe op plaaslike kwessies.**

**Deur die jeug te betrek bevorder ons inklusiewe en volhoubare gemeenskappe.**

**Die feit dat min jongmense gaan stem of munisipale vergaderings bywoon, is 'n aanduiding dat hulle nie betrokke wil wees nie. *Ons wil dit verander!***

## HOEKOM WIL JONGMENSE NIE BETROKKE WEES NIE?

- Gebrek aan vertroue in politieke instellings
- Vergaderings is nie jeugvriendelik of toeganklik nie.
- Min geleenthede vir betekenisvolle insette
- Hoë werkloosheid en armoede
- Beperkte kennis van die maniere om deel te neem en hoekom dit belangrik is

## HOE KAN JONGMENSE BETROKKE RAAK?

Hier is 'n paar van die praktiese maniere waarop die jeug by munisipaliteite kan betrokke raak:

- Woon IDP-vergaderings in jou wyk by
- Sluit aan by wykskomitees
- Staan as raadslid
- Gebruik sosiale media
- Vrywilliger of internskap by die munisipaliteit
- Stem en moedig ander aan om te stem
- Motiveer vir die skep van jeugstrukture



*"JOU STEM MAAK 'N VERSKIL. JOU IDEES TEL. JOU DEELNAME IS KRAGTIG."*

## ’N PAAR MANIERE OM DEEL TE NEEM


| Kontrolelys | J | N |
|---|---|---|
| Het jy geregistreer om in die plaaslike regering te stem? | | |
| Ken jy die naam van die raadslid vir jou wyk? | | |
| Ken jy die lede van jou wykskomitee? | | |
| Het jy al ’n munisipale vergadering bygewoon? | | |
| Is jy deel van ’n jeuggroep of burgerlike organisasie? | | |
| Volg jy jou munisipaliteit op sosiale media? | | |


## WATTER ONDERSTEUNING MOET MUNISIPALITEITE BIED?


- Skep jeugeenhede of -rade
- Gebruik digitale platforms om inligting en terugvoer te verskaf
- Verskaf burgerlike opvoeding
- Prioritiseer jeug in IDP en begrotingsbeplanning
- Moedig jongmense aan om as raadslede en wykskomiteelede te staan
- Skep vennootskappe met jeugorganisasies (soos Activate Change Drivers!)


**COMPACT het pamflette oor burgerlike opvoeding oor verskeie onderwerpe ontwikkel: begrip van plaaslike regering, aanspreeklikheid en toesig, munisipale raadslede en wykskomitees. Die Working Towards Collaborative Local Government-gids verskaf baie nuttige inligting oor munisipaliteite.**

**Besoek https://pari.org.za/toolbox/faqs/civic-education**



## Kollig: Activate Change Drivers!

**Activate Change Drivers!** is 'n jeugnetwerk met die doel om jongmense toe te rus om innoverende aktiewe burgers te wees, wie vir positiewe verandering in die wereld werk. Die organisasie monitor IDP-vergaderings oor munisipaliteite heen om te verseker dat die jeug se stemme gehoor word. Jeugaktiveerders is teenwoordig in al nege provinsies:

- Woon IDP-vergaderings by en lewer verslag daaroor
- Mobiliseer die jeug om deel te neem
- Beywer jou vir jeugprioriteite in die munisipale plan

Om meer hieroor te lees, besoek: **https://activatechangedrivers.co.za/**



MY MUNICIPALITY
compact
PARTICIPATE
PLAN
ACCOUNT

PARI PUBLIC AFFAIRS RESEARCH INSTITUTE

SOUTH AFRICAN LOCAL GOVERNMENT ASSOCIATION SALGA Inspiring service delivery

INTEGRITY ACTION

Co-funded by
the European Union

**Webtuiste:** https://pari.org.za/compact

**Twitter:** @Compact_MyMunic

**Facebook:** Compact – My Municipality

**E-pos:** Girish Daya: girishd@pari.org.za
Winnie Manganye: wmanganye@salga.org.za